# Gauteng Onderwysdepartement
# Laerskool Elspark

Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za

Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5


2026-01-15

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN JANUARIE 2026

## WELKOM TERUG - MNR PRETORIUS

Dit is vir my 'n groot voorreg om al ons ouers, leerlinge en personeel hartlik terug te verwelkom na die skoolvakansie. 'n Besonderse woord van welkom aan elke ouer, leerling en personeellid wat vanjaar vir die eerste keer by ons skool aansluit – ons vertrou dat u gou deel sal voel van ons hegte skoolgemeenskap.

My opregte wens is dat **2026** vir elke gesin 'n voorspoedige, geseënde en betekenisvolle jaar sal wees, gevul met groei, vreugde en mooi prestasies. Ons vertrou en glo dat ons Hemelse Vader ons ook in hierdie nuwe jaar ryklik sal lei en seën, soos Hy dit deur die jare getrou gedoen het.

Ek wil ouers verseker dat oop en eerlike kommunikasie vir my belangrik is. My kantoordeur staan oop vir enige navrae of bekommernisse. Indien dit nie moontlik is om dadelik 'n afspraak te maak nie, is u welkom om my enige tyd per e-pos te kontak by **riaan@lselspark.co.za** of **hoof@lselspark.co.za**.

Opbouende terugvoer help ons om voortdurend te verbeter en ons skool net sterker te maak. Dankie aan elke ouer vir u ondersteuning, betrokkenheid en samewerking — dit word opreg waardeer en speel 'n groot rol in die sukses en welstand van ons leerders.

**Tema vir 2026:**
**Verf die dorp blou...!**

Ek sien uit na 'n besonderse en suksesvolle jaar saam met elkeen van u.

## OUERAAND – ME BRITZ

Alle ouers word genooi om die oueraand by te woon.

| | |
|---|---|
| Wie: | Gr 1 tot Gr 7 |
| Datum: | Dinsdag, 27 Januarie 2026 |
| Tyd: | 18:00 tot 19:00 |

## KLASVERSOEKE – ME BRITZ

Ongelukkig kan ons op hierdie stadium nie versoeke goedkeur om leerlinge te skuif sodat leerlinge saam met maats in dieselfde klas geplaas word nie. Die klaslyste is reeds finaal

saamgestel, en enige verandering sou 'n kettingreaksie veroorsaak. Wanneer een leerling geskuif word, moet 'n ander leerder noodwendig verskuif word om die balans in die klasse te behou.

Ons vra vriendelik dat ouers in ag neem dat leerders gedurende pouses en ander informele tye volop geleentheid het om met maats te kuier. Klastyd word doelbewus ingerig vir akademiese fokus en leer, en dit is in die beste belang van alle leerlinge dat hierdie tyd so produktief en gestruktureerd moontlik benut word.

## AKADEMIE – ME BRITZ

Die nuwe akademiese jaar bring vars geleenthede en uitdagings vir ons almal. Ouers, julle ondersteuning en betrokkenheid is die sleutel tot jul kind se sukses. Leerlinge, onthou dat elke dag 'n nuwe kans is om te leer en te groei. Streef daarna om elke taak met entoesiasme en toewyding aan te pak. Saam kan ons 'n positiewe en stimulerende akademiese reis beleef wat tot groot prestasies sal lei. Kom ons maak hierdie jaar onvergeetlik!

- Bly op hoogte van assesseringsdatums
- Doen gereeld hersiening en huiswerk

Enige probleem moet asb direk met die personeel bespreek word sodat daar geen misverstande ontstaan nie.

## SKOOLGELDE VIR 2026 - MNR PRETORIUS

| SKOOLGELDBETALING 2026 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | ITEM | BEDRAG PER MAAND | BETALINGSTYDPERK | BEDRAG PER JAAR VIR 2026 |
| 1 | Skoolgeld vir enkelkind | 1785 | 12 Maande | 21420 |
| 2 | Skoolgeld vir tweede kind | 1785 (3570) | 12 Maande | 21420 |
| 3 | Skoolgeld vir derde kind | 714 (4284) | 12 Maande | 8568 |
| Skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se skoolgeld moet betaal word op die eerste skooldag van 2026. Indien volle skoolgeld vir 2026 voor of op 31 Mrt betaal is, sal een maand se skoolgeld as korting aan die ouer toegestaan word. Indien geen betaling of reëling voor 31 Mrt gemaak is nie, sal u rekening aan Cee Bee Debt oorhandig word. | | | | |
| 5 | Naskoolgeld vir 'n enkelkind | 1292 | 11 Maande | 14212 |
| 6 | Naskoolgeld vir tweede kind | 1292 (2584) | 11 Maande | 14212 |
| 7 | Naskoolgeld vir derde kind | 1292 (3876) | 11 Maande | 14212 |
| Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2026. Geen subsidie word vir naskool toegestaan nie. | | | | |
| | Kleuterskool skoolgeld vir elke kind | 1922 | 12 Maande | 23064 |
| Kleuterskool skoolgeld is vooruitbetaalbaar teen die 7de van elke maand. Januarie se geld moet betaal word op die eerste skooldag van 2026. Geen subsidie word vir kleuterskool toegestaan nie. Geen korting soos in geval van groot skool nie. Indien geen betaling of reëling voor 31 Mrt gemaak is nie, sal u rekening aan Cee Bee Debt oorhandig word. | | | | |

<u>Uitstaande gelde!!!</u>

Daar is ouers wat agterstallig is met skoolgeld, kleuterskoolgeld en/of naskoolgeld. Alle agterstallige gelde was reeds betaalbaar.

*Bankbesonderhede:*
*ABSA Bank*
*Tjekrekening no: 230 301 360*
*Takkode: 632005*
*Verwysing: kind se rekeningnommer of naam, van en graad*

**Neem asb. kennis dat Laerskool Elspark CMM Attorneys (Prokureurs) gebruik om al die oorhandigings te hanteer.**

ABBA OUERS:
Baie dankie aan ons ouers wat instaan as abba ouers ten opsigte van minder bevoorregte kinders se skoolgeld en ander uitgawes. U ondersteuning word waardeer! Indien daar nog ouers is wat hierby betrokke wil raak, kan u die kantoor kontak of eenvoudig 'n addisionele bedrag op u skoolgeld betaal. Onthou elke ekstra R10 help. DANKIE! DANKIE! DANKIE! ***Onthou net asb. om Me Wessels in kennis te stel indien u 'n ekstra bedrag inbetaal vir 'n minder bevoorregte leerling.***

Kontroleer asb. u kleingeld en kwitansie voordat u die finansiële kantoor verlaat. Sonder 'n kwitansie kan geen regstellings gedoen word nie. Bewaar asb. u kwitansie op 'n veilige plek!

**NB!** Dit is baie belangrik dat u asb. altyd u kind se rekeningnommer as verwysing by alle bank inbetalings sal aandui. Indien u nie weet wat u rekeningnommer is nie, is u welkom om Me Wessels te skakel in die finansieskantoor.

## SOSIALE MEDIA EN SELFOONGEBRUIK – ME BRITZ

Sosiale media kan baie pret en nuttig wees, maar dit kom ook met gevare. Wees altyd versigtig met persoonlike inligting – iemand kan dit misbruik. Onthou, nie alles wat aanlyn is, is die waarheid nie. Moenie vergeet dat aanlyn boelies net so seermaak soos in die regte lewe. Hou altyd julle privaatheid en veiligheid eerste. Bly slim en veilig aanlyn in 2026!

Indien u as ouer/voog op 'n groep is, moet die groepe met respek en hoflikheid gebruik word. Onwelvoeglike, beledigende, of irrelevante boodskappe sal nie geduld word nie.
Bydraes moet beperk word tot relevante skoolonderwerpe en sake.

Persone wat hierdie groepe vir persoonlike of onvanpaste doeleindes gebruik, sal aangespreek word en mag toegang tot die groepe verloor.
Indien enige iemand 'n probleem of klagte het, moet dit direk aan die skoolbestuur gerapporteer word eerder as om dit in die groep te bespreek.

**Leerlinge mag nie hul eie WhatsApp groepe stig of bedryf vir skoolverwante doeleindes nie. Die skool neem geen verantwoordelikheid vir enige onwelvoeglike gedrag wat in leerders se persoonlike groepe plaasvind nie.**

Die veiligheid van ons skool is altyd 'n belangrike saak en ons streef daarna om dit te bevorder. Daarom herinner ons alle ouers en leerders dat **selfone nie gedurende skooltyd gebruik mag word nie en dat dit te alle tye afgeskakel moet wees**. Hierdie reëling is bedoel om afleiding te verminder en te verseker dat leerders ten volle gefokus en veilig is.

Indien 'n leerder met 'n selfoon gevind word, sal die selfoon onmiddellik gekonfiskeer word. Die selfoon sal by die skoolkantoor gehou word en slegs aan die ouers of wettige voog teruggegee word.
In geval van nood kan ouers die skoolkantoor kontak om boodskappe aan hul kinders oor te dra.

## MOODLE – ME BRITZ

Die doel van Moodle is om leerders te voorsien van maklike toegang tot handboeke, ondersteunende dokumentasie en video's en om te verseker dat alle leerders toegang tot die nodige materiaal het vir suksesvolle akademiese prestasie.

- Alle leerders sal 'n unieke gebruikersnaam en wagwoord ontvang om toegang tot die Moodle-platform te verkry.
- Leerders moet hul wagwoorde vertroulik hou en nie met ander deel nie.

Leerders word aangemoedig om die Moodle-app op hul toestelle af te laai en gereeld in te teken om op hoogte te bly van huiswerk, aankondigings en vakverwante inligting.

Leerders moet self verantwoordelik wees vir gereelde toegang tot Moodle om seker te maak hulle is op hoogte van alle akademiese vereistes en hulpbronne.

Dit is belangrik dat leerders enige probleme met toegang onmiddellik aan hul onderwysers of die IT-afdeling rapporteer.

Deur Moodle te gebruik, versterk ons ons verbintenis tot 'n digitale en geïntegreerde leeromgewing, wat alle leerders voorsien van die nodige gereedskap om akademies suksesvol te wees.

## HEK BY ADMINISTRATIEWE KANTOOR – MNR MULLER

Graag rig ons 'n vriendelike versoek aan ons ouers en leerlinge om asb. nie die hek by die administratiewe kantoor te gebruik as 'n deurgang nie. Die hek is slegs vir ouers wat 'n navraag het in die kantoor, 'n afspraak wil maak of skoolgelde wil betaal.

## HEKBEAMPTES – MNR MULLER

### Belangrike Kennisgewing:

### Veiligheid en Verkeersgedrag in Raven en Finch straat

Die veiligheid van ons leerders bly te alle tye ons hoogste prioriteit. Dit is daarom noodsaaklik om ouers daarop te wys dat ons hekbeamptes spesifiek aangestel is om toesig te hou by die skoolhekke en die veiligheid van leerders te verseker, veral tydens aflaai- en opteltye.

Ons hekbeamptes is **nie verantwoordelik vir die regulering van verkeer nie**, en tree ook **nie op as karwagte** nie. Parkering, stop en die vloei van verkeer rondom die skoolterrein bly die verantwoordelikheid van motoriste en moet streng volgens die geldende padreëls geskied.

Ons doen 'n ernstige beroep op ouers om hierdie reëls te respekteer en na te kom, en om nie onredelike of onvanpaste verwagtinge aan ons hekbeamptes te stel nie. Hulle fokus en primêre verantwoordelikheid is en bly die **veiligheid van ons leerders**.

Samewerking van alle ouers is noodsaaklik om 'n veilige, ordelike en funksionele omgewing vir ons kinders te verseker. Ons dank u by voorbaat vir u begrip en verantwoordelike optrede.

## KLEUTERSKOOLAPPARAAT – ME BRITZ

Die kleuterskool versoek asb. dat die laerskoolleerlinge nie voorskool of na skool op die apparaat speel nie, dit is slegs vir die kleuterskool se gebruik.

## SKOOLTYE EN TOESIG – ME BRITZ

Die skooltye van Laerskool Elspark is as volg:

| | |
|---|---|
| Gr 1: | 07:30 tot 13:00 |
| Gr 2,3 en LSEN | 07:30 tot 13:30 |
| Gr 4 tot 7 | 07:30 tot 13:30 |

Die skoolhekke word reeds voor sewe-uur in die oggend oopgesluit vir leerlinge wat vroeg by die skool aankom.

Leerlinge wat nie aan aktiwiteite na skool deelneem nie, gaan na die wagarea by die hekke, waar hulle wag vir hulle vervoer.

Die leerlinge wat aan aktiwiteite na skool deelneem, sal onder die toesig van die afrigter wees. Alle ander leerlinge wat nie aan aktiwiteite deelneem nie **moet betyds afgehaal word voor 14:00** elke dag.

Geen leerling sal op die terrein toegelaat word sonder toesig na 14:00 nie. Bogenoemde reël geld ook vir die leerlinge wat by die skoolhekke wag vir hulle vervoer.

Ouers/Voogde word ook nie tussen 07:30 en 13:30 op die terrein toegelaat nie. Neem ook asb. kennis dat ons 'n rookvrye en vapevrye omgewing is.

## NASKOOLSENTRUM – ME McKENZIE

Werkende ouers weet hoe belangrik dit is om te weet dat hul kinders **veilig, gelukkig en besig** is ná skooltyd. By **Laerskool Elspark se Naskool** bied ons net dit – 'n gebalanseerde middagprogram onder toesig van **gekwalifiseerde onderwysers** wat die welsyn van u kind op die hart dra.

Ons program kombineer **speeltyd, sportaktiwiteite en akademiese ondersteuning**, wat beteken dat u kind nie net veilig is nie, maar ook **leer, groei en sosiaal ontwikkel** in die tyd wat u werk.

**Program en Tye:**

- 13:30 – 15:00 | Vryspel en sportaktiwiteite
- 15:00 – 16:00 | Huiswerkondersteuning onder leiding van 'n gekwalifiseerde onderwyser
- 16:00 – 17:30 | Speeltyd in Lapa-area tot hul afgehaal word deur ouers.

**Koste:**

- Maandelikse inskrywing: R1 292 (vooruitbetaalbaar)
- Dagbesoekers: R70 per middag (reëlings by **Me. Fourie** in die kantoor)

Om kostes laag te hou, voorsien ons nie middagetes nie. Ons versoek ouers om 'n **broodjie en peuselhappies** vir hul kind in te pak. Leerders kry wel daagliks 'n **pakkie skyfies en koeldrank**.

By **Laerskool Elspark Naskool** kan u as ouer rustig werk wetende dat u kind:

- in 'n **veilige en gesonde omgewing** is
- onder **sorgsame en professionele toesig** verkeer
- aktief deelneem aan **sport, speel en akademiese aktiwiteite**

**Sluit vandag aan en gee u kind die beste van beide wêrelde – opvoeding en ontspanning!**

Kontak **Me. McKenzie** vir inskrywings en navrae by **elna@elsies.co.za**.

## LEOS – MEE LOURENS

By Laerskool Elspark is ons bevoorreg om 'n toegewyde ondersteuningspan, **LEOS**, onder leiding van **Me. Lourens**, te hê. LEOS bestaan uit 'n groep mammas en pappas wat saamwerk om die skool prakties te ondersteun en fondse in te samel om in die noodsaaklikste behoeftes van ons **behoeftige leerders** te voorsien.

Die LEOS-span is verantwoordelik vir die meeste verkope tydens skoolfunksies, sportgeleenthede, koekverkopings en ander aktiwiteite. Hierdie betrokkenheid speel 'n belangrike rol in die voortgesette ondersteuning van ons leerders. Ouers se hulp met verkope tydens **tuisbyeenkomste** is van onskatbare waarde, en ons doen 'n beroep op ouers wat tyd beskikbaar het om hand by te sit.

**Broodjies / Kospakkies**
Daagliks voorsien die LEOS **toebroodjies aan ongeveer 80 behoeftige leerders**. Vir sommige van hierdie kinders is dit soms die **enigste maaltyd** wat hulle vir die dag ontvang. 'n Skooldag is lank, en 'n eenvoudige broodjie maak 'n wêreld van verskil.

Ons versoek ouers wat dit kan bekostig om **vir een dag kospakkies op eie onkoste voor te berei**. Elke bydrae, hoe klein ook al, help om 'n kind se dag ligter en hoopvoller te maak.

Ouers wat kan help met die toebroodjies, kan **Me. Celeste Komen** kontak by **celeste@elsies.co.za**.

Indien u belangstel om deel te word van die LEOS-span en prakties betrokke te raak, kontak gerus **Me. Lourens** by **082 785 2953**.

Elke ouer se tyd, moeite en bereidwilligheid om te help, word **opreg waardeer**. Saam kan ons 'n tasbare verskil maak in die lewens van ons kinders en ons skoolgemeenskap verder versterk.

## KOSKAS VIR BEHOEFTIGE LEERLINGE – ME KOMEN

Laerskool Elspark het 'n koskas by die skool waaruit ons vir die leerlinge en hul gesinne voedsel verskaf vir naweke en vakansies. Ons koskas is op die oomblik dolleeg en ons sal dit graag weer wil volmaak vir tyd wat ons die kos broodnodig het.

Nogmaals dankie aan elke ouer en leerling vir die bydrae wat u gemaak het om ons behoeftige gesinne se Kersgety op te helder.

Ons vra dat leerlinge asb. sal deelneem aan ons bring-'n blik-projek op Vrydae. Indien u bereid is om enige nie-bederfbare kos (bv. blikkieskos, badbenodighede, ens.) te skenk, stuur dit na u kind se registeronderwyser.

## SNOEPIE – MNR LOURENS

Kyk gerus na die snoepwinkel se "page" (Instasnax) op Facebook vir die weeklikse spyskaart. Die spyskaart sal aanklank vind by al die leerlinge. Leerling kan bestellings plaas om hulle honger magies te stil.

***Reëlings ten opsigte van bestellings:***

- Leerlinge kan bestellings plaas tussen 7:00 en 7:30 by die snoepwinkel.
- Die bestelvorm is beskikbaar op die communicator, webwerf en die Facebook-bladsye van die snoepie en die skool.
- Die bestelvorm is ook beskikbaar by die snoepwinkel self.
- Die bestelvorm sal die spyskaart vir die hele week aandui en ouers kan dus beplan vir wanneer hulle bestellings wil plaas.
- Daar gaan 'n spesiale ry wees vir leerlinge om bestellings af te haal en hulle sal dus nie in die algemene ry hoef te wag nie.
- Leerlinge kan enige dag by die snoepwinkel koop. Let wel dat die snoepie baie besig is op Vrydae en die maats nie altyd betyds hulle lekkers gekoop kry nie.
- U is welkom om Me Marinda Lourens (082 785 2953) te kontak indien u enige navrae het.

***Spyskaart – Aangeheg***

Bestelling kan geplaas word by Me Lourens (0827852953) en Mandy (0826743707)

Kaartfasiliteite is beskikbaar (minimum van R50).

***Wilma en Mandy sien uit daarna om julle by die Elspark Snoepwinkel te sien. Kom maak gerus 'n draai.***

## FACEBOOK/TIKTOK/INSTAGRAM – ME S DU TOIT

Word deel van ons sosialemedia gemeenskap en hou die Elsies fyn dop want hierdie jaar verf ons die dorp BLOU!

| | | |
|---|---|---|
| Facebook page | - | Laerskool Elspark |
| Instagram | - | ls.elspark |
| Tiktok | - | superelsies |

Ons wil graag u kind se buitemuurse prestasies ook deel. Stuur asb die inligting asook 'n foto vir Me. Du Toit (sanet@elsies.co.za )

## MY SCHOOL – ME BOTHA

Ons doen 'n beroep op u as ouers om asb. so gou moontlik te registreer vir 'n "My School"-kaart. Elke aankope wat u doen kwalifiseer die skool vir 'n persentasie van die bedrag asook maandelikse pryse wat u kan wen. U ondersteuning sal opreg waardeer word.

Die aansoekvorm vir die MySchool-kaart is beskikbaar op die communicator. Ondersteun asb. Laerskool Elspark op die manier.

Die kaart kan gebruik word by: Woolworths, Engen QuicksShop, Waltons, Loot.co.za, Flight Centre, Worksheet Cloud, Power24.co.za, Wimpy Carnival Mall, Mugg & Bean Carnival Mall en Mugg en Bean Springs Mall.

## ATLETIEK - ME NOVELLIE

Ons skop sommer vroeg af met die jaar waar ons reeds meeste uitdunne verlede jaar gedoen het, en net 'n voorlopige uitdun dan Woesdag gehou het.

Oefening begin reeds Donderdag 15 Januarie vanaf 13:35 – 14:55 in die middae.

Ateltiekdatums is soos volg:

| | |
|---|---|
| 20 Januarie | Massa atletiek – hele skool – klas-tema se kleredrag |
| 22 Januarie | Byeenkoms te L/s Dalview net atlete wat briefies ontvang |
| 29 Januarie | Byeenkoms te Germiston stadion net atlete wat briefies ontvang |
| 4 Februarie | Byeenkoms te Germsiton stadion net atlete wat briefies ontvang |
| 11 Februarie | Interlaer te Boksburg stadion net atlete wat briefies ontvang |
| 20 Februarie | B.L.A.V te Boksburg stadion net atlete wat kwalifiseer |
| 24 Februarie | D 6 te Germiston stadion net atlete wat kwalifiseer |

Ons doen 'n beroep op die atlete wat atletiekhempies geleen het en nog nie terug besorg het nie, dit so spoedig moontlik vir me. Novellie neem.

#Atletiekdrag tydens byeenkomste – Laerskool Elspark Atletiekhempie en Vrydagdrag-broek en of Swart "plain" ski-pants wat gepas is by die atleet.

Geen anderkleurige broeke of baadjies buiten skoolklere word toegelaat nie. Ons leerders moet netjies lyk asseblief.

Ons beoog om so ook dan ons atletiekdrag te verander nà die seisoen.

***Atletiek Program vanaf 15 Januarie 2026***

***Die volgende items kry net voorkeur op die dae maar atleet kan elke dag elke item gaan oefen.***

**Sessie 1: 13:35 – 14:15**

| Wie | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| 0/13 | Vespring/ Naellope/Hekkies Langafstande | Hoogspring/ Gewigstoot Spiesgooi/werpskyf | Verspring/ Naellope/Hekkies Langafstande | Gewigstoot/ Hoogspring Spiesgooi/werpskyf |
| 0/12 | Gewigstoot/ Hoogspring Spiesgooi/werpskyf | Verspring/ Naellope/Hekkies Langafstande | Hoogspring/ Gewigstoot Spiesgooi/werpskryf | Verspring/ Naellope/hekkies Langafstande |
| 0/11 | Verspring/ Naellope/Hekkies Langafstande | Gewigstoot Hoogspring | Verspring Naellope/Hekkies Langafstande | Hoogspring Gewigstoot |
| 0/10 | Hoogspring/ Gewigstoot | Verspring/ Naellope/Hekkies Langafstande | Hoogspring Gewigstoot | Verspring Naellope/Hekkies Langafstande |
| 0/7;0/8;0/9 | Naellope/langafstand | Naellope/langafstande | Naellope/langafstande | Naellope/langafstand |

**Sessie 2: 14:15 - 14:55**

| Wie | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| 0/13 | Gewigstoot<br>Hoogspring/<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Hoogspring<br>Gewigstoot<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande |
| 0/12 | Verspring<br>Naellope/hekkies<br>Langafstande | Gewigstoot<br>Hoogspring<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Hoogspring<br>Gewigstoot<br>Spiesgooi/werpskyf |
| 0/11 | Hoogspring<br>Gewigstoot<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Gewigstoot<br>Hoogspring<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naellope/ Hekkies<br>Langafstande |
| 0/10 | Verspring<br>Naellope/Hekkies +<br>Langafstande | Hoogspring<br>Gewigstoot<br>Spiesgooi/werpskyf | Verspring<br>Naellope/Hekkies<br>Langafstande | Gewigstoot<br>Hoogspring<br>Spiesgooi/werpskyf |

***Indien die atleet by 'n buite- afrigter oefen moet 'n skriftelike brief by die skoolafrigter of Me. Novellie ingedien word of marli@elsies.co.za***

## NETBALTOER – ME DU TOIT

Ons herinner net ons netbal-ouers 0/9-0/13 om asb. hulle toergelde te betaal. Die volle bedrag is betaalbaar voor of op 28 Februarie 2026

## BOOGSKIET -

Baie welkom terug. Ons sien uit na 'n propvol 2026 seisoen saam met julle!

***Belangrike datum***

**31 Januarie** Intree kursus vir alle Gr. 2 – 12 belangstellendes (enige skool)
Indien u kind in 2026 wil boogskiet is dit die enigste beskikbare datum waarop ons die kinders leer.

**Plek:** Super Elsie Werkswinkel net langs die pawiljoen op die boonste rugbyveld.

**Koste:** R30 moet aan Me Jacobs betaal word voor of op 30 Januarie. Gelde in 'n koevert met u kind se naam en van, graad en klas, ouer se naam en van asook 'n telefoonnommer vir 'n whatsappgroep.

**Kleredrag:** Laerskool Elspark kinders kom met hul Vrydagdrag die res kom in gemaklike klere. NB! Tekkies is 'n moet asook sonblok en 'n hoed. Onthou om ekstra water saam te bring.

**Program:** 07:30 – 09:30 (Gr 4 – 7)
09:15 – 11:00 (Gr 2)
10:45 – 13:00 (Gr 3)
13:30 – 13:00 (Gr 8 – 12)

Vir enige navrae kan in verbinding tree met Me Jacobs op 082 458 4307.

## KLEREBANK (Behoeftige leerlinge) – ME VAN DYK

Klerebanknavrae en -versoeke word gestuur na Me Ella van Dyk op 060 988 5833.

Die boodskap moet asseblief die volgende inligting bevat:

- Besonderhede van die leerling (Naam, van, klas)

- Items en groottes benodig
- Ouer se kontakbesonderhede

Klerebanktye: Dinsdae en Donderdae vanaf 7:00 tot 10:00.

Ons rig 'n versoek aan ons ouers om asb. skoolklere wat te klein is te skenk aan die klerebank.

**KLEREWINKEL (Vrydagdrag) – ME GOODCHILD**




**VOORTREKKERS – ME LAUBSHER**




Welkom terug na 'n lekker lang vakansie! Ons opening byeenkoms, waar ons die ouers ontmoet en inligting deurgee, gaan die 23ste Januarie plaasvind.

Plek: Elspark Laerskool by die pawiljoen op rugbyveld.
Tyd: 16:00 tot 17:00
Almal is welkom.

Ons beplan baie pret hierdie kwartaal. Hou hierdie spasie dop!

**AFRIKAANSE REDENAARSTEMAS VIR 2026 – ME B. NELL**

**Afrikaanse redenaarstemas vir 2026**

Graad 1-3 (2-4 min): Huis

Pleister

Geraas

| | |
|---|---|
| Graad 4-5 (3-5 min): | Koers |
| | Kriewel |
| | Sout |
| Graad 6-7 (4-6 Min): | Kies |
| | Pronk |
| | Rebelleer |

Indien daar leerders is wat wil deelneem aan Afrikaanse Redenaars in 2026, moet hulle gebruik maak van die bogenoemde temas en toesprake word voorberei volgens die ATKV vereistes.

## JUNIORKOOR – ME B. NELL

Juniorkoor oefening begin net na die Atletiek Interlaer afgehandel is.

## SKAAK – ME FANOE

Oefentye:

Ma- Do 13:40+14:30


Proewe: Vanaf 2 Febr.

Verdere datums sal deurgegee word sodra dit ontvang word.

## HENGEL – MNR PJ MULLER

Ons eerste hengelkompetisie is 7 Februarie by Van Driels Vaaldam. Hoop om julle almal daar te sien.

## DRAMA – ME SNYMAN




Drama-klasse vir Gr. 3–7 help leerders om hul selfvertroue te laat groei, hul verbeelding los te laat en sommer baie pret te hê!
Deur rolspel, beweging en spanwerk leer kinders om hul idees hardop te deel, gemaklik voor ander te praat en hul unieke persoonlikhede te vier.

Of jou kind nou reeds 'n verhoogliefhebber is, of net bietjie skuil agter die gordyne—drama is 'n veilige, prettige ruimte om te groei, te lag en te glo: **"Ek kan!"**

The Playhouse Acting Studio SA bied buitemuurse Drama klasse Gr. 3 tot Gr. 7 leerlinge vir enige navrae kan u direk met Me Snyman in verbinding tree op 083 639 9057 of per epos (zoricke.playhouse@gmail.com).

Facebook: The Playhouse Acting Studio SA
Instagram: @theplayhouseactingstudiasa

## KOMMUNIKASIE – ME BRITZ

- Moenie huiwer om met personeel te kommunikeer via e-pos nie.
- Maak asseblief seker dat ons u korrekte e-pos adres het sodat u ook van die skool af kommunikasie kan ontvang. Die personeel se e-pos adresse sal vir u gemak onder aan die omsendbrief verskaf word.

## DISSIPLINE - MNR MULLER

Ouers moet asb. sorg dat hulle kinders reg geklee is vir skool. Vrydagdrag is die skoolsporthemp en die blou kortbroek met tekkies. Geen skooltrui of "pullover" mag saam met Vrydagdrag gedra word nie.

Dogters: Hare moet netjies vas wees met die korrekte kleur haarrekkies ens. Hare mag nie in hulle gesig hang nie.

Seuns: Hare moet netjies en kort wees. **Geen, maar geen "combovers" of snaakse style nie**.

Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof

---

**Skeurstrokie – LEOS ONDERSTEUNER**

Ek ____________________ ouer/voog van ______________ in gr ___ wil graag aansluit as 'n LEOS ondersteuner.

______________________________ Handtekening

______________________________ Kontaknommer

---

**Skeurstrokie - Toebroodjies vir behoeftige leerlinge**

Ek ____________________ ouer/voog van ______________ in gr ___ is bereid om toebroodjies te maak vir 80 leerlinge ____ keer per kwartaal.

______________________________ Handtekening

______________________________ Kontaknommer

| PERSONEEL E-POS ADRESSE | |
|---|---|
| Skoolbestuur | E-pos adres |
| Riaan Pretorius (Adjunkhoof) | riaan@lselspark.co.za |
| Zinetta Britz (Adjunkhoof) | zinetta@elsies.co.za |
| Ian Muller (Adjunkhoof) | ian@elsies.co.za |
| Elna McKenzie (Departementshoof) | elna@elsies.co.za |
| Helene Grobler (Departementshoof) | helene@elsies.co.za |
| Elsa van Staden (Departementshoof) | elsa@elsies.co.za |
| Onderwysers | E-pos adres |
| Bianca J.v Rensburg | bianca@elsies.co.za |
| Bonita Nell | bonita@elsies.co.za |
| Celeste Komen | celeste@elsies.co.za |
| Chane Aspeling | chane@elsies.co.za |
| Chantelle Badenhorst | chantelle@elsies.co.za |
| Danika Barnard | danika@elsies.co.za |
| Demi Scholtz | demi@elsies.co.za |
| Ericia v.d. Berg | ericia@elsies.co.za |
| Esca Erasmus | esca@elsies.co.za |
| Hansie Keyter | hansie@elsies.co.za |
| Japie Weideman | japie@elsies.co.za |
| Jeanine van der Westhuizen | jeanine@elsies.co.za |
| Jean-marie Lange | jean-marie@elsies.co.za |
| Jodi Laubscher | jody@elsies.co.za |
| Kayla Breedt | kayla@elsies.co.za |
| Kylin Le Roux | kylin@elsies.co.za |
| Lelani Vos | lelani@elsies.co.za |
| Liz-Marie Nel | liz-marie@elsies.co.za |
| Madelyn Stoman | madelyn@elsies.co.za |
| Marcelle du Plessis | marcelle@elsies.co.za |
| Marinda Lourens | marinda@elsies.co.za |
| Maritza de Beer | maritza@elsies.co.za |
| Marli Novellie | marli@elsies.co.za |
| Marna Jacobs | marna@elsies.co.za |
| Melissa Wait | melissa@elsies.co.za |

| | |
|---|---|
| Monya Botha | monya@elsies.co.za |
| Morne Badenhorst | morne@elsies.co.za |
| Nicole Barnard | nicole@elsies.co.za |
| Nicole Erasmus | nicoles@elsies.co.za |
| PJ Muller | pj@elsies.co.za |
| Rozelle van Dyk | rozelle@elsies.co.za |
| Ruben Bodenstein | ruben@elsies.co.za |
| Sanet Du Toit | sanet@elsies.co.za |
| Simone Burger | simone@elsies.co.za |
| Suzette Walters | suzette@elsies.co.za |
| Tania Mitton | tania@elsies.co.za |
| Tayla Grobler | tayla@elsies.co.za |
| Tuanette Botha | tuanette@elsies.co.za |
| Zanelle Raath | zanelle@elsies.co.za |
| Zelda Fanoe | zelda@elsies.co.za |
| **Kantoorpersoneel** | **E-pos adres** |
| Judith van Zyl (P.A. – Skoolhoof) | judith@lselspark.co.za |
| Riekie Wessels (Finansies Hoof) | riekie@lselspark.co.za |
| Marinda Smit (Sekretaresse) | marinda@lselspark.co.za |
| Sonja Fourie (Finansies klerk) | sonja@lselspark.co.za |
| Simone Botes (Admin/Navrae klerk) | simone@lselspark.co.za |
| Linda Cook (Onvangs/Navrae klerk) | linda@elsies.co.za |
| Louis van Rooyen (Faktotum en IT bystand) | louis@lselspark.co.za / louis@elsies.co.za |